NG Gemeente Victoria-Wes
Posbus 44
Victoria-Wes
7070

Algemene Sekretaris
Nederduitse Gereformeerde Kerk

Geagte ds. Claassen

Re: Besluit van die Algemene Sinode van die NG Kerk rakende Selfdegeslagverhoudinge

Die Kerkraad van die NG Gemeente Victoria-Wes het hierdie saak bespreek op 'n spesiale vergadering van die kerkraad soos gehou op Sondag, 25 September 2016.

Daar is diep verdeeldheid onder ons oor hierdie saak en daarom is dit nie tot stemming gebring nie, aangesien dit daartoe sou lei dat die standpunt van 'n beduidende groep van ons kerkraad en lidmate nie gehoor sou word nie.

Aan die een kant is daar lidmate wat oortuig is dat daar min konsensus bestaan rondom die ware betekenis van die tekste wat oor die algemeen in die debat rondom die Bybelse beoordeling van homoseksualiteit gebruik word, nl. Genesis 1:27-28, Genesis 2:18-25, Genesis 19: 1-29, Levitikus 18:22 en 20:13, Romeine 1:18-32, 1 Korintiërs 6:9 en 1 Timoteus 1:10, en hulle toepaslikheid met betrekking tot die beoordeling van homoseksualiteit - en dus selfdegeslagverhoudinge – vandag. Volgens hulle verstaan gaan dit in hierdie Skrifgedeeltes oor spesifieke, geperverteerde vorme van homoseksualiteit (byvoorbeeld verkragting, tempelprostitusie, afgodery en pederastie) en kan dit dus nie as veroordeling van selfdegesagverhoudinge as sodanig beskou kan word nie. Vir hulle is die Bybelse uitsprake oor seksualiteit, sovêr dit veroordelend is, se strekking dat dit gaan om promiskuïteit en buite-huwelikse seks en as sodanig nie 'n afwysing van homoseksualiteit as 'n alternatiewe vorm van seksualiteit is nie. Daar is by hierdie mense ook 'n diep besef dat daar baie gelowige lidmate is wat al groot hartseer rondom hierdie saak belewe het, met kinders en ander geliefdes wat daardeur geraak word.

Hulle is ook bewus daarvan dat, in dit wat oor die lewe van Jesus in die evangelies opgeteken is, daar geen direkte uitsprake is wat verband hou met die verskynsel van homoseksualiteit nie en dat die naaste wat daaraan gekom word, die moeilik verstaanbare gedeelte in Matteus 19: 11-12 is, waar Jesus, in die loop van 'n gesprek oor die huwelik en egskeiding, die opmerking maak dat dit nie vir alle mense moontlik is om nie te trou nie, maar net vir die "aan wie dit gegee is" (vs 11) maar dan, wanneer Hy die drie kategorieë mense vir wie dit wel "gegee" is om nie te trou nie noem, nl. diegene wat "van hulle geboorte so is", ander wat "deur mense so gemaak" is, en ander wat "self so gekies het ter wille van die koninkryk van die hemel", Hy die term eunougoi gebruik, wat letterlik beteken "eunugs" of "ontmandes", wat dit laat lyk asof sy bedoeling hier is dat dit hier enersyds gaan oor mense wat fisies gekastreer is en mense wat vrywillig besluit om die selibaat te beoefen en andersyds (mense wat "uit die skoot van die moeder" ontmandes is) oor persone wat óf a-seksueel is óf van die staanspoor af 'n ander seksualiteit het, soos bv. dat hulle dubbelslagtig gebore word en dat, wat betekenisvol is, die feit is dat Jesus hier op simpatieke en nie-veroordelende manier verwys na mense wat "anders" is as dit wat oor die algemeen gangbaar is.

Die lidmate wat só dink, verstaan dat een van die sentrale kenmerke van Jesus se bedieningspatroon lê in die wyse waarop Hy uitgereik het na die mense wat in die destydse samelewing gemarginaliseer is, en hulle ingesluit het by die nuwe gemeenskap wat rondom Hom tot stand gekom het en in Sy ontmoeting met konkrete mense wat deur bepaalde kategorieë van uitsluiting geraak is, telkens daardie kategorieë uitgedaag en in die proses opgehef het en dat, as Hy sy kinders dan uitstuur om sy bediening onder mense voort te sit, dit op dieselfde wyse alle kategorieë van uitsluiting te bowe moet gaan.

Aan die ander kant is daar onder die groot groep kerkraadslede en lidmate (na alle waarskynlikheid die meerderheid van die gemeente) wat hulle verset teen die Algemene Sinode se besluit van 2015 eweneens persone wat diep seergekry het a.g.v. homoseksuele verhoudinge. Huwelike, gesinne en selfs families is gebreek en uitmekaargeskeur weens die betrokkenheid van 'n huweliksmaat by 'n selfdegeslag-verhouding.

Hierdie mense kan nie, soos dikwels goedskiks gedoen word, veroordeel word vir liefdeloosheid teenoor mense met 'n ander seksuele oriëntasie nie. Hulle is net so bewus soos die eerste groep dat die dubbele liefdesgebod - liefde vir God en liefde vir die naaste - die beslissende norm vir die beoordeling van tussenmenslike verhoudings is. Hulle standpunt hou nie in dat homoseksuele persone uitgesluit of weggestoot word nie. Eerder die teendeel. Hulle weet dat enige persoon, ten spyte van sy/haar seksuele oriëntasie, aanspraak kan maak op die onvoorwaardelike liefde van die Christelike geloofsgemeenskap. Hulle wil eerlik die persoon op 'n christelike wyse liefhê, maar is daarvan oortuig dat die Bybel die daad/uitlewing van 'n homoseksuele oriëntasie afwys en dat sulke persone daarom, wanneer hulle daarmee volhard, verlore sou gaan. Volgens hulle verstaan is kinders van die Here daarom deur die liefde van Jesus verplig om diesulkes op die sonde te wys waaraan hulle hulleself skuldig maak, ten einde hulle te red. Enigiets anders sou nie christelike liefde wees nie. Daarvolgens sou Jesus se uitspraak in Matteus 19: 11-12, tesame met sy teregwysing van die owerspelige vrou ("gaan en moenie meer sondig nie") en Paulus se verwysing na die "doring in sy vlees" 'n duidelike aanduiding wees dat homoseksuele persone daarop gewys moet word dat 'n selibate lewenstyl die kruis is wat van hulle verwag word om te dra.

Hierdie mense is ernstig oor die Bybel en die liefde van Christus. Hulle wys daarop dat, volgens hulle verstaan van die Skrif, die uitsprake in Genesis 1: 27-28 en 2: 18-25 daarop dui dat God 'n bepaalde skeppingsordening daarstel, nl. dat Hy die mens as man en vrou geskape het (vs 27) en aan hulle die opdrag gegee tot voortplanting (vs 28) en dat dit die uitdrukking van sy ewig geldende, normatiewe, wil is dat die mens slegs binne 'n heteroseksuele verhouding sy seksualiteit mag uitleef. Aangesien homoseksualiteit nie beantwoord aan die voortplantingsdoel waarmee God die mens geskep het nie, moet dit dus beskou word as 'n perverse afwyking van die God-gewilde skeppingsorde. God het man en vrou as aanvulling vir mekaar geskep en hierdie skeppingsdoel van God kan slegs verwesenlik word wanneer man en vrou in 'n verhouding van wedersydse aangetrokkenheid saamgroei tot een. Daarom is hulle ook diep bekommerd oor die gevolge van die aanneming van kinders deur homoseksuele pare, nie net omdat daar in só 'n verhouding geen duidelike rol-identifiseringsmoontlikhede vir die kind sou wees nie, maar omdat hulle vas oortuig is dat dit God se is dat die huwelik tussen 'n man en vrou die enigste verhouding is waarbinne kinders gebore en opgevoed mag word.

Hulle is ook oortuig dat die toorn van God wat gelei het tot die verwoesting van Sodom, direk verband hou met die pogings tot gemeenskap tussen mense van dieselfde geslag (Genesis 19: 1-29) en dat die verhaal dui op 'n totaal negatiewe beoordeling van homoseksualiteit, want dit is juis die feit dat die manlike bevolking van die stad seksuele omgang met die twee engele wat by Lot aan huis was, wou hê, wat aanleiding gegee het, soos hulle dit verstaan, tot die Here se besluit om die stad te vernietig. Die hele verhaal is dus 'n ernstige waarskuwing oor die rampspoedige gevolge wat dié tipe dade kan hê.

Net so is Levitikus 18: 22 en 20: 13 vir hulle duidelike aanduidings dat geslagsgemeenskap tussen mans onderling verbied word omdat seks deur God bestem is vir 'n heteroseksuele verhouding tussen een man en een vrou.

Voorts word die Nuwe Testamentiese uitspraak van Paulus in Romeine 1: 26-27 beskou as die duidelikste bewys dat die Bybel geheel en al teen homoseksuele gedrag gekant is, met die implikasie dat dit totaal in stryd met God se skeppingsbedoeling is en daarom, as simptoom van die ontaarding van die mens wat weier om die een ware God te dien, lei tot die ewige dood. Uit liefde vir die mens, wie ons tot redding wil bring, kan ons dus nie anders as om enige vorm van homoseksuele verhoudings af te wys nie, veral ook in die lig van 1 Korintiërs 6: 9-10 en 1 Timoteus 1: 10, waar verder beklemtoon word hoe negatief Paulus oor die verskynsel van homoseksualiteit geoordeel het.

Hier onder volg dan nou, in groot liefde en met die besef dat ons nog lank nie klaar oor hierdie saak gepraat het nie, al besluit die Algemene Sinode ook wat, die beswaarskrif van beduidende groep van die lidmate en kerkraadslede van die gemeente.

Groete

H J Duminy (Ds.)
Voorsitter: Kerkraad, NG Kerk Victoria-Wes

Ned. Geref. Kerk Boksburgpark

In Okt. 2015 het die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk ’n paar besluite geneem wat groot ontsteltenis in ons gemeente veroorsaak het.

Hoe ons hierdie besluite verstaan, is dat die Algemene Sinode van 2015 moontlik van oordeel is:

- Dat die Bybel ’n ou boek is wat met die kennis en insigte van daardie tyd geskryf is en dus geen relevante gegewens oor homoseksualiteit vir vandag bevat nie;
- Dat standpunte oor homoseksualiteit gevorm moet word in die lig van die hedendaagse tydsgees (bv. die hedendaagse klem op mense-regte en ’n bepaalde siening van wat menswaardigheid is), wetenskaplike kennis oor homoseksualiteit;
- Dat homoseksualiteit nie sonde is nie;
- Dat die Skrif voorsiening maak vir homoseksuele gedrag binne ’n vaste verhouding en dat die beginsels van ’n heterogene huwelik ook op so ’n verhouding van toepassing is;
- Dat ’n persoon wat homoseksualiteit beoefen, tot die amp van leraar toegelaat word selfs al beoefen die persoon homoseksualiteit;
- Dat plaaslike gemeentes die reg gegun word om hul eie beleid oor die saak te formuleer;
- Dat (streeks)Sinodes toegelaat word om die Drie Formuliere van Eenheid aan te vul met bykomende Belydenisskrifte, bv. die Belydenis van Belhar.

Graag stel ons dit duidelik met watter gesindheid ons die volgende skrywe aanbied:

- Ons nadenke oor homoseksualiteit is nie vir ons as gemeente ’n abstrakte of akademiese oefening nie: Dit is ’n saak wat handel oor *mense*, *óns* broers en susters in die geloof. In ons eie gemeente is dit sommige van ons eie lidmate, ons seuns en dogters, ons beste vriende en vriendinne wat worstel hiermee;
- Aangesien dit so naby aan ons harte kom, is hierdie nadenke nie iets wat ons doen terwyl ons homoseksuele persone uitsluit nie; hierdie is ’n worsteling met die Woord van God in alle liefde sáám met ons homoseksuele broers en susters in die geloof;
- Ons is maar te diep bewus van ons eie menslike gebrokenheid en sondigheid en dat ons Here Jesus Christus self gesê het dat die een wat sonder sonde is, die reg het om die eerste klip te gooi – en ons besef dat nie een van ons daardie reg het nie.

Graag stel ons ons uitgangspunte wat ons nadenke rig:

- Ons is diep bewus daarvan dat die Bybel in tyd, ruimte, kultuur en taal ver verwyderd is van ons as mense vandag.
- Maar, gelyktydig moet ons onsself daaraan herinner dat die Ned. Geref. Kerk tans amptelik nog, kragtens Art. 1 van die Kerkorde, ’n Gereformeerde Belydeniskerk is waar ons ampsdraers en lidmate, kragtens hul bevestiging en openbare belydenis van geloof, verbind is aan ons Belydenis en ’n Gereformeerde verstaan van die Skrif.
- Een van die mees sentrale belydenisse van ’n Gereformeerde Belydeniskerk, is dat ons die Bybel as die onfeilbare Woord van God bely.
- Ons onderskryf die Drie Formuliere van Eenheid *omdat* hulle met die Woord van God ooreenstem, maar nie nét dit nie:

- Ons glo ook dat hierdie Belydenisskrifte die *volkome* leer van die Verlossing en die manier hoe ons moet lewe in reaksie op die Verlossing regsinnig en volledig saamvat.
- Al is dit so dat daar verskillende maniere is om die Bybel te vertolk – 'n *Gereformeerde* Kerk wat gelyktydig 'n *Belydenis*kerk is, kíés vír 'n bepaalde benadering en siening van die Skrif om normatief te wees vir leer en lewe.
- Dat die Ned. Geref. Kerk 'n *Gereformeerde* en *Belydenis*kerk is, 'n kerk wat bely dat ons fundamenteel dieselfde glo oor sake soos die Woord van God, oor die Persoon en Verlossingswerk van Jesus Christus en hoe ons as gelowiges in leer en lewe daarop reageer en dat ons ons Belydenisskrifte op dieselfde manier vertolk, is die gronde van ons kerkverband.
- Kerklike besluitnemingsvergaderings wat laat blyk dat hulle ons Belydenis anders vertolk in amptelike standpunte, plaas hulleself buite hierdie verband.
- Ons impliseer glad nie dat daar geen ruimte vir verskil van mening of debat is nie.
- Ons erken dat daar is óók tekste in die Bybel wat ons a.g.v. ons menslike swakheid nie mooi verstaan nie.
- Ons glo egter wel dat daar tog bepaalde benaderings tot die Skrif is wat níé tuishoort binne 'n Kerk wat bely dat sy 'n *Gereformeerde* en *Belydenis*kerk is nie en
- dat dit buite 'n Gereformeerde benadering tot die Skrif is om die Skrif só te interpreteer asof dit só kultureel-, mens- en tydgebonde is dat dit vir vandag nie meer God se wil vir ons leer en lewe openbaar nie.
- Ons glo dat die Here, by die Skepping van alle dinge, die mens inderdaad na sy beeld gemaak het. In daardie toestand was die mens in staat om hom- of haarself, God en ons naaste volledig lief te hê en in alle opsigte tot die geregtigheid voor God in staat en bereid.
- Gevolglik kan geen mens sy of haar huidige toestand van sondige gevallenheid – met spesifieke verwysing na bepaalde eienskappe, geneigdhede of seksuele oriëntasie – in oënskou neem en op grond daarvan tot die gevolgtrekking kom dat dit Gód is wat hom of haar so gemaak het nie of dink dat hy of sy het 'n rég om dan te wees soos wat hy of sy ís nie.
- Seksuele bevrediging/ uitlewing, menslike verhoudings en die huwelik is nie 'n reg waarop 'n mens kan aanspraak maak nie, maar is 'n voorreg.
- Alle mense, ongeag hul seksuele oriëntasie, moet erken dat hulle ewe skuldig voor God se heilige troon staan of dit is aan die sonde wat ons sélf willens, wetens of onwetend doen en of dit is dat ons skuldig staan voor God aan die sonde waarmee ons gebore word a.g.v. die sondeval en dat ons almal daagliks teen hierdie sonde moet stry.
- As gemeente bely ons dat álmal van ons, álle mense, ongeag hul seksuele oriëntasie, één ding in gemeen het: Ons het die genadige verlossing wat die Here Jesus Christus deur sy sterwe aan die kruis en opstanding uit die graf verwerf het, ewe nodig.
- Dit is die Kerk se taak om hierdie Boodskap te verkondig aan alle mense.
- Daarom mag niemand uitgesluit word om hierdie Boodskap te hoor in Woord, Sakrament en in die gemeenskap van gelowiges nie.

Ons reageer dan op en maak beswaar teen sommige besluite van die Algemene Sinode van Okt. 2015, soos ons dit verstaan en vertolk, as volg:

- Die Algemene Sinode het moontlik sy besluit oor selfde-geslag verhoudings geformuleer vanuit ’n moderne opvatting van wat menswaardigheid en mense-regte is en dat die Bybel moontlik nie die Algemene Sinode se uitgangspunt was nie.
- Ons bely die Bybel as die Woord van God, waarvolgens álle vorme van homoseksualiteit sonde is.
- Alle gelowiges, ongeag hul seksuele oriëntasie of die spesifieke sonde waarmee ons worstel, moet daagliks stry teen ons sonde.
- Die manier hoe homoseksuele gelowiges teen daardie spesifieke sonde stry, is om selibaat te probeer bly.
- Die gemeente is die ruimte waar ons almal, ongeag ons seksuele oriëntasie, ongeag die spesifieke sonde waarmee ons moontlik worstel, as geloofsgesin van Christus mekaar se laste dra en mekaar as verloste sondaars in Christus verwelkom en daarvandaan mekaar oproep en help om ’n lewe te lei wat getuig dat ons inderdaad aan Christus behoort en probeer wegdraai van ons sonde.
- Ons is van mening dat die Belydenis van Belhar nie genoegsaam met die Woord van God ooreenstem dat dit as Gereformeerde Belydenisskrif kan kwalifiseer nie, aangesien dit nie die volledige leer oor die verlossing in Christus en hoe ons as Christene behoort te leef, omvat nie, maar slegs fokus op bepaalde sosiaal-etiese/ sosio-politieke aspekte daarvan.
- Kerke wat nie dieselfde Belydenisskrifte het nie of dieselfde Belydenisskrifte verskillend vertolk, kan nie verband vorm nie.
- Die Algemene Sinode se besluit om streeksinodes toe te laat om hul Belydenisskrifte uit te brei, sou vertolk kon word dat die Algemene Sinode van sy kant af die kerkverband tussen Sinodes verskeur, aangesien verskillende Sinodes (die kerke ter sprake in Art. 37 van die Kerkorde) wat verskillende Belydenisskrifte sou kon hê, nie met mekaar verband mag vorm nie.
- Aangesien een van die Algemene Sinode se bevoegdhede is om uitdrukking te gee aan die kerkverband se gemeenskaplike eenheid, sou dit geïnterpreteer kon word dat die Algemene Sinode buite sy magte opgetree het om ’n besluit te neem wat die gevolg sou kon hê dat sommige Sinodes moontlik regtens nie meer met mekaar verband kan vorm nie.

Die Kerkraad van die Ned. Geref. Kerk Boksburgpark versoek die Algemene Sinode:

- Om sy besluite i.v.m. selfde-geslag verhoudings van Okt. 2015 te herroep;
- Om sy besluite wat dit moontlik maak vir streeksinodes om hul Belydenisgrondslag/ Belydenisskrifte eensydig aan te vul/ verruim te herroep;
- Om af te stap van die onderwerp van die Belydenis van Belhar. Die uitslag van die afgelope stemming oor Art. 1 van die Kerkorde deur gemeentes en Sinodes maak dit duidelik dat hierdie onderwerp tans verdelend en nie ter stigting is van die Ned. Geref. Kerk nie. Aangesien daar ’n uitspraak in die Hoogste Hof van Appèl is dat slegs kerke wat dieselfde Belydenisskrifte het en dit op dieselfde manier vertolk, verband kan vorm, versoek ons die Algemene Sinode
- Om, sonder om die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika noodwendig uit te sluit van eenheidsgesprekke, sy energie i.v.m. kerkhereniging eerder vir eers te rig om homself te beywer vir eenheid met kerke wat alreeds dieselfde Belydenisskrifte het as ons, bv. Ned. Geref. Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa en moontlik selfs kerke soos die Dutch Reformed Church in Botswana, Reformed

Church in Zimbabwe, Reformed Church in Zambia wat tot stand gekom het a.g.v. die sending-arbeid van die Ned. Geref. Kerk;

- Om ernstig te besin oor óf die Ned. Geref. Kerk nog haarself inderdaad as ’n Gereformeerde Belydeniskerk kan of wíl beskou in haar Skrifbeskouing en –gebruik;
- Om ernstig te besin oor óf ons in die Ned. Geref. Kerk nie inderdaad alreeds ’n punt bereik het nie waar ons ons Belydensskrifte alreeds só verskillend vertolk dat ons breër en plaaslike kerkverband alreeds in die gedrang is – en of dit moontlik is vir die Algemene Sinode om in te sien of begrip te hê waarom sommige Sinodes, Kerkrade en gemeentes die indruk sou kon hê dat ons kerkverband regtens alreeds verbreek is a.g.v. sommige besluite oor leer en lewe wat daarop neerkom dat daar nie meer eenheid is in die dinge wat veronderstel is om die grond van ons kerkverband te wees nie, bv. dat ons ons Belydenisskrifte dieselfde vertolk, dat ons dieselfde glo oor die Skrif en die Persoon en Verlossingswerk van Jesus Christus.
- Ons besef dat die Algemene Sinode ’n liggaam is wat regtens ophou bestaan met die uiteengaan van die vergadering en dat die Algemene Sinode regtens eers by sy volgende gewone vergadering aan ons beswaarskrif aandag hoef te gee. Maar, aangesien die Algemene Sinode in die resestyd wel sekere bevoegdhede aan gevolmagtigde kommissies opdra, voel ons dat dit is billik om te vra dat die Algemene Sinode of sy gevolgmagtigde kommissie(s) op hierdie dokument spoedig sou kon reageer; ons Kerkraad se volgende sitting is einde Februarie 2016 waar ons graag ’n respons van die Algemene Sinode sou wou oorweeg om daarvandaan ons verdere opsies te oorweeg.

Beswaarskrif: Besluit van die Algemene Sinode 2015 aangaande selfdegeslag-verbintenisse

In die lig van die Bybelse uitsprake in Genesis 19: 1-29, Levitikus 18: 22 en 20: 13, Romeine 1: 26-27 en 1 Timoteus 1: 10, die verhaal van die toorn van God in reaksie op die optrede van die manne van Sodom in Genesis 19: 1-29, asook Genesis 1: 27-28 en 2: 18-25, waar God dit as skeppingsordening - as sy ewig geldende, normatiewe wil - stel dat Hy die mens as man en vrou vir mekaar geskep het en aan hulle die opdrag gegee het tot voortplanting kan ons nie anders nie as om enige vorm van homoseksuele praktyke as sonde te sien en te veroordeel, want ons aanvaar sy geïnspireerde Woord as gesaghebbend.

Ons glo dat ons uit genade deur geloof in Jesus Christus gered word en dat die oordeel aan Hom alleen behoort, maar dat dit steeds ons plig as kinders van God is om mense daarop te wys as hulle sonde doen, tot behoud van hulle siele.

Die vraag aangaade homoseksualiteit is nie 'n vraag of diegene wat dit beoefen, of glo dat hulle sodanige seksuele oriëntasie het, in die kerk toegelaat moet word nie. Natuurlik is almal welkom in ons kerk. Net so die man wat te veel drink, gierig is, lieg ... 1 Kor. 6 van vers 9 af veroordeel die dinge in dieselfde asem as homoseksualiteit. Dit neem niks daarvan weg nie dat ons moet streef na heiligheid, volgens die opdrag van Christus.

Baie van ons glo nie dat enigiemand gay geskep is nie en beskou dit as 'n leuen van die duiwel. Ons sê dit omdat ons mense ken wat getuig het hulle het vry gekom het van homoseksualiteit, asook dat hulle baie naby was om vir die leuen te val en amper in 'n homoseksuele verhouding betrokke geraak het, terwyl hulle dit nooit was nie. Dié van ons wat wel glo dat daar iets soos konstitusionele homoseksualiteit bestaan, oordeel steeds dat, sou 'n persoon wel met 'n homoseksuele oriëntasie gebore word, hy/sy nie daarom homoseksuele praktyke mag beoefen nie, net soos wat 'n persoon met 'n pre-disposisie tot alkoholisme geroep word om teen te staan en dus selibaat moet lewe. Dit is die kruis wat hulle moet dra. Ons glo dat dit die bedoeling is van Jesus se uitspraak in Matteus 19: 11-12 en Paulus se uitspraak in verband met die doring in sy vlees (2 Korintiërs 12: 7).

Dis nie ons plek om mense te veroordeel nie, soos Jesus aandui wanneer Hy vir die mense wat die owerspelige vrou wil stenig, sê dat dit een wat geen sonde het nie, die eerste klip moet gooi. Terselfdertyd is dit ook nie ons plek om die Woord te verdraai nie en glo ons dat ons, in die lig van sy verdere opdrag aan die owerspelige vrou, nl. om heen te gaan en nie meer te sondig nie, geroep is om dieselfde te sê aan persone wat glo dat hulle van homoseksuele oriëntasie is. God het ons 'n gees van krag , selfbeheersing en liefde gegee. Ons is tot alles in staat deur Christus wat ons die krag gee. Ons kan daarom alle uitdagings te bowe kom.

Ons versoek dus die vergadering van die Algemene Sinode om sy besluit van 2015 te herroep en roep alle afgevaardigdes op om hulle stem dienooreenkomstig uit te bring.

Geteken:

.....
H J Duminy (Ds.)
Voorsitter van die Kerkraad, NG Kerk Victoria-Wes

.....
J F H Bo[illegible]
n. Beswaarde lidmate en Kerkraadslede, NG Kerk Victoria-Wes

BESWAARSKRIF VAN DIE KERKRAAD: NG GEMEENTE SPRINGS-OOS
Teen die besluit van die Algemene Sinode i.v.m Selfdegeslagverbintenisse

Ontvang hiermee die beswaarskrif van die NG Gemeente Springs-Oos i.v.m. die volgende besluit van die Algemene Sinode:

Die Algemene Sinode het op Vrydag 9 Oktober 2015 soos volg besluit:

1. *Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.*

2. *Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in _ verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.*

3. *Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as _ huwelik beskou word.*

4. *Die Algemene Sinode besluit om in die lig van pt 1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou, en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.*

5. *Dieselfde Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) geld vir die legitimasie van ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.*

6. *Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.*

7. *Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in _ gees van Christlike liefde te doen.*

8. *Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na _ ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op _ selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan studiestukke van die Algemene Sinoge van 2007, 2011, 2013 en 2015 ernstig gelees word. In ooreenstemming met die NGB Art 2 behoort die besondere en algemene openbaring gebruik te word, dws die beste huidige menswetenskaplike bevindings.*

9. *Die Algemene Sinode besluit om _ Christelik-Bybels-etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei in die lig van voorafgaande besluite. Hierdie saak word ook verwys na die Projekspan vir Leer en Aktuele Sake, wat reeds _ soortgelyke opdrag in A.8.2 bl 172 punt 7.4 ontvang het.*

10. *Die Algemene Sinode besluit om _ bevatlike oorsig van die NG Kerk se reis met homoseksualiteit saam te stel en te versprei om gemeenteleiers te bemagtig in die begeleiding van gemeentes oor hierdie saak.*

Ons wil veral beswaar aanteken teen hierdie besluit en die volgende redes van ons beswaar onder die aandag van die Algemene Sinode bring:

1. Hierdie besluit van die Algemene Sinode is in stryd met die Woord van God. Die Kerkraad van die Ned Geref Gemeente Springs-Oos wil beswaar aanteken teen Punt 4 en 8 van die besluit van die Algemene Sinode

1.1 Alhoewel ons Kerkorde dit duidelik stel dat die Ned. Geref. Kerk op die Woord van God staan, neem die Algemene Sinode 'n besluit (Punt 4 van die besluit) wat nie op die Woord van God gegrond is nie, maar gegrond is op die handhawing van menswaardigheid van alle mense (Punt 1).

(Artikel 1 – Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God...)

(punt 4 4 – Die Algemene Sinode besluit om in die lig van pt 1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou, en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.)

Nêrens word daar in die Woord van God erkenning gegee aan die verbintenis tussen mense van dieselfde geslag*(wat gekenmerk word deur liefde en trou)* asof dit 'n huwelik is nie.

Inteendeel, die Woord van God keer homoseksuele verhoudings glad nie goed nie: Levitikus 18:22; Levitikus 20:13; Romeine 1:26-27; 1 Korinthiërs 6:9-10 en die verwysing in Genesis 19.

Die Woord van God erken dat slegs die huwelik, tussen een man en een vrou, deur God ingestel is (Gen. 2:18-25; Matteus 19:3-6).

Paulus gebruik die algemene Griekse woord *arsen* vir manlik en *thelus* , die algemene Griekse woord vir vroulik. Dit is betekenisvol, want hy sou ander woorde kon gebruik het wat duidelik sou maak dat hy byvoorbeeld van pederastie praat. Hy sou ook van die ander Griekse woorde vir getroude mans (soos *upandros*) en getroude vroue(soos *gune*)—soos hy doen in Rom 7 : 21 – kon gebruik het, as hy van homoseksuele gedrag wat deur (getroude) heteroseksueles uitgevoer word , gepraat het. Die wyse waarop hy die Griekse woorde *arsen* en *thelus* gebruik, dui in die konteks duidelik op 'n algemene beskrywing van " mans " en " vroue" en nie soseer op getroude mans en hulle getroude vrouens nie.

Dieselfde geld die gebruik van " natuurlik " (*phusin*) en "teen-natuurlik" *para phusin* om selfdegeslag gedrag te beskryf. Deur Paulus se gebruik van die Griekse woord *phusin* te probeer interpreteer asof dit 'n heteroseksuele

persoon voorstel wat selfdegeslag seks beoefen en daarom as teen-natuurlik vir *heteroseksueles* gesien kan word , doen die teks geweld aan. Dit is beslis nie wat Paulus gedink het nie, alhoewel daar vandag mense is wat so redeneer. Wie so dink oorspan die betekenis van die teks.

Die burgerlike vebintenis tussen mense van dieselfde geslag is dus ‘n buite-huwelikse verbintenis waarvoor daar geen Skriftuurlike gronde bestaan nie. Daarom kan ‘n kerk wat volgens sy Kerkorde op die Woord van God staan, nie ruimte maak vir so ‘n verbintenis van mense van dieselfde geslag binne die kerk nie. Die kerk kan daarom ook nie ‘n besluit neem dat predikante binne die Ned. Geref. Kerk, wat hulle weg oopsien so ‘n verbintenis kan bevestig nie.

1.2 Hierdie besluit ontken ook die feit dat die Woord van God die hoogste gesag het (Sola Scriptura).

Die besluit van die Algemene Sinode kom nie met die onfeilbare reël van die Woord van God ooreen nie (soos wat Artikel 5 en 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dit stel nie).

Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 5

DIE GESAG VAN DIE HEILIGE SKRIF

Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Hulle het ook die bewys daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind.

Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 7

DIE VOLKOMENHEID VAN DIE HEILIGE SKRIF

Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word(1). Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie(2) - ja, al was daar ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal 1:8). En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut 12:32) (3), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is(4). Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles(5). Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps 62:10) (6). Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: "...maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is" (1 Joh 4:1) en: "As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie..." (2 Joh:10). 7

Hierdie besluit van die Algemene Sinode stel “die beste huidige menswetenskaplike bevindings” bokant die gesag van die Skrif en hierdie argument kan volgens ons belydenisskrifte nie aanvaar word nie. Ons beste

menswetenskaplike bevindings (Punt 8) asook ons kulturele sensitiwiteit staan altyd onder die gesag van God se Woord.

Die verwysing in hierdie besluit van die Algemene Sinode na Artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis is misleidend *(Punt 8 ...In ooreenstemming met die NGB Art 2 behoort die besondere en algemene openbaring gebruik te word, dws die beste huidige menswetenskaplike bevindings.)*.

In Artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis is die fokus juis op God wat Homself deur die skepping en sy Woord openbaar. Daar is geen ruimte in Artikel 2 van die NGB om die beste menswetenskaplike bevindings bokant die openbaring van God te stel nie. Inteendeel openbaar God Homself in sy Woord as die Heilige Almagtige God, wat die wêreld so lief gehad het dat Hy sy Seun gestuur het om die wêreld te red (Joh.3:16), om ons van ons sondige toestand te red. Die Here Jesus het gekom om ons te red uit die mag van sonde en dood. En daarom sê Paulus in *Romeine 6:6 "Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie."*

Die Woord openbaar ook God as die Een wat regverdig gaan oordeel. God haat sonde (Hebr 1:9: wat 'n aanhaling is van Ps. 45:7-8). Paulus skryf vir die gemeente in Korinte *"7 Eintlik is julle saak al klaar verlore, omdat julle hofsake met mekaar het. Waarom ly julle nie liewer onreg nie? Waarom laat julle julle nie liewer te kort doen nie? 8 In plaas daarvan pleeg julle onreg en doen ander te kort, en dit doen julle aan medegelowiges. 9 Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen 10 of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie. 11 En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God." 1 Kor. 6:7-11*

Artikel 14 stel dit ook duidelik dat ons nie ons menslike vrye wil bokant God en bokant die Woord van God kan stel nie.

Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 14

DIE SKEPPING VAN DIE MENS, DIE SONDEVAL EN DIE GEVOLGE DAARVAN

Ons glo dat God die mens uit die stof van die aarde geskep het; Hy het hom volgens sy beeld en gelykenis gemaak en gevorm, dit wil sê goed, regverdig en heilig sodat hy met sy wil in alles met die wil van God kon ooreenstem. Maar toe hy in aansien was, het hy dit nie verstaan nie en sy uitnemendheid nie besef nie. Hy het homself egter, deur na die woord van die duiwel te luister, willens en wetens aan die sonde en daarmee aan die

dood en die vervloeking onderwerp. Hy het immers die gebod van die lewe wat hy ontvang het, 0ortree en homself deur die sonde losgeskeur van God, wat sy ware lewe was; so het hy sy hele natuur verderf en daarmee die liggaamlike en geestelike dood verdien. Hy het deur dat hy in al sy doen en late goddeloos, verkeerd en verdorwe geword het, al sy voortreflike gawes wat hy van God ontvang het, verloor en hy het niks anders daarvan oorgehou nie as slegs klein oorblyfsels, wat egter genoegsaam is om hom alle verontskuldiging te ontneem. Al die lig wat in ons is, het immers in duisternis verander, soos die Skrif ons leer: En die lig skyn in die duisternis, en die duistemis het dit nie oorweldig nie' (Joh. 1:5), waar die heilige Johannes die mense duisternis noem. Daarom verwerp ons alles wat in stryd hiermee oor die vrye wil van die mens geleer word, aangesien die mens niks anders as `n slaaf van die sonde is nie en: `'n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie' (Joh 3:27). Want wie is daar wat daarop sal roem dat hy uit homself iets goeds kan doen, terwyl Christus sê: `Niemand kan na My kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie' (Joh. 6:44)? Wie sal op sy eie wil roem as hy verstaan dat '...wat die vlees bedink, vyandskap teen God is' (Rom. 8:7)? Wie sal op sy eie kennis roem as die natuurlike mens die dinge van die Gees van God nie aanneem nie (1 Kor. 2:14)? Kortom: Wie sal ook maar op 'n enkele gedagte roem as hy verstaan dat ons uit onsself nie bekwaam is om iets as uit onsself te bedink nie maar dat ons bekwaamheid uit God is (2 Kor. 3:5)? Daarom is dit reg dat wat die apostel sê, onwrikbaar bly, want dit is God wat in julle werk. Hy maak julle gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer (Filp. 2:13). Want daar is geen verstand en geen wil in ooreenstemming met die verstand en die wil van God as Christus dit nie in die mens tot stand gebring het nie. Dit leer Hy ons as Hy sê: 'Sonder My kan julle niks doen nie' (Joh. 15:5).
1 Pet. 2:9; Pred. 12:7; Ps. 8:5; 49:21; Jes. 59:2; Gen 3:17, 19; Pred. 7:30,. Rom. 5:12; Joh. 8:7; Ef.4:24; Rom. 12:2; 3:10; 8:6; Hand. 14:17, Rom. 1:20-21; Hand. 17:27; Ef. 4:18; 5:8; Joh. 1:5; Ps. 37:9; Jes. 26:12; Ps. 94:11; Rom. 8:3; 1 Kon. 20:9; Ps. 28:8; Jes. 45:25; Joh. 3:27; 6:44 (1 Kor. 2:14); 2Kor. 3:5; Filp. 2:13.

Die beste weteskaplike metodes, veranderende kultuur, die vrye wil van die mens, die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse asook die besluite van enige kerklike vergaderings is altyd ondergeskik aan die Woord van God. Elke besluit wat die Algemene Sinode neem moet getoets word aan die Woord van God (*2 Tim 3:16-17 "Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk).*

Die Kerkraad van die Ned Geref Gemeente Springs-Oos verwerp dus hierdie besluit van die Algemene Sinode omdat dit in stryd is met die Woord van God.

2. Die Kerkraad van die Ned Geref Gemeente Springs-Oos wil ook beswaar aanteken teen Punt 5 van die besluit van die Algemene Sinode.

Volgens hierdie besluit kan gelegitimeerdes in 'n selfdegeslagverhouding leef, solank die gelegitimeerde se eie leer en lewe ooreenstem met die Woord van God. Hierdie besluit skep 'n probleem omdat dit nie ooreenstem met die onfeilbare Woord van God nie. Net die feit dat 'n gelegitimeerde in 'n selfdegeslagverhouding leef, is alreeds tugwaardig omdat dit teen die beginsels in God se Woord indruis. Volgens die Woord van God is enige seksuele verhouding buite die huwelik egbreuk. 'n Gelegitimeerde wat homoseksueel is en wat nie selibaat leef nie, behoort onder kerklike tug geplaas te word.

3. Die Kerkraad van die Ned Geref Gemeente Springs-Oos wil ook beswaar aanteken teen Punt 6 en 7 van die besluit van die Algemene Sinode.

3.1 Die besluit plaas nou die verantwoordelikheid in kerkrade se hande en die feit dat kerkrade hieroor hulle eie standpunte en praktyke moet formuleer en reël, veroorsaak ‘n diskrepansie in die kerk.

Indien die Algemene Sinode se besluit in ons Kerkorde vervat word, kan kerkrade wat nie hulle weg oopsien vir sulke verbintenisse nie, in die burgerlike hof beland.

3.2 Ook die bewoording dat kerkrade die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in ‘n gees van Christlike liefde moet hanteer, word verskillend verstaan. Dit wil blyk dat die Algemene Sinode daarmee kerkrade versoek om tog mekaar se verskille te aanvaar, ongeag wat die Woord sê. Hierdie nuwe gees van Christelike liefde vir jou naaste word so beklemtoon dat jy selfs jou naaste se sonde moet goedkeur en aanvaar, solank niemand aanstoot gegee word nie.

Elke keer in hierdie debat kom die liefdesgebod vir jou naaste ter sprake. Indien daar gesê word dat selfdegeslagverbintenisse volgens die Woord van God nie goedgekeur kan word nie, dan word hierdie argument beskuldig van liefdeloosheid.

Soms word die liefdesgebod vir jou naaste selfs belangriker geag as die gebod dat ons die Here ons God moet lief hê (Matt. 22:35-40). Die feit dat ons die Here moet liefhê vra tog ook ‘n totale gehoorsaamheid aan Hom.

Deur jou gevoelens,as homoseksuele persoon, jou identiteit te maak, vereenselwig jy jou met jou sondige natuur soos Rom 7:20 aandui: “ *As ek doen wat ek nie wil nie, dan word* ***ek*** *dit nie meer nie,* ***maar die sonde wat in my woon*****.** Indien die mens homself met sy sondige natuur vereenselwig, onderteken hy sy eie oordeel *: “ want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat* ***die Gees*** *bedink, is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is ; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie.”(Rom 8 : 7 - 8). So bevestig Rom 7 :12 -13 : “ Daarom dan is ons skuldenaars, nie aan die vlees nie om na die vlees te lewe nie;want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe.”*

Kerklike opsig en tug is immers deel van die kerk se verantwoordelikheid en tug word nog altyd gedoen in die gees van Christelike liefde. Die kerklike opsig en tug sonder ook nie net een sonde uit nie, daarom dat Paulus, in die gees van Christelike liefde, verskillende sondes aanspreek bv. om weer 1 Kor 6:9-10 te noem: *9 Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen 10 of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie."*

In Rom 13: 13-14 skryf Paulus ;" *Die nag is byna verby; dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem.* ***Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie****.14. Nee, julle moet lewe soos volgelinge van die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie."*

Dit is dus in die gees van Christelike liefde om lidmate te vermaan en selfs onder tug te plaas wanneer hulle onsedelik leef, egbreuk pleeg en homoseksualiteit beoefen.

In die vorige besluite van die Algemene Sinode (2004, 2007 en 2013) is dit tog duidelik dat daar, met groot liefde, ruimte vir homoseksuele lidmate in die Ned. Geref. Kerk is en as lidmate aanvaar word. Die kerk aanvaar daarmee egter nie enige sondige praktyke wat daaruit sou voortvloei nie (ons aanvaar die mens, nie die sondige dade nie). Die kerk kan egter nie sy profetiese roeping verontagsaam as dit kom by besluite wat in stryd is met die Woord van God nie.

4. Die Kerkraad van die Ned Geref Gemeente Springs-Oos wil ook beswaar aanteken teen Punt 9 van die besluit van die Algemene Sinode.

Dit is oneerlik om selfdegeslagverbintenisse alreeds goed te keur en "daarna eers 'n Christelik-Bybels-etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei in die lig van voorafgaande besluite".

Die Woord van God is baie duidelik daaroor dat enige seksuele dade buite die huwelik sonde is. Dit behoort die basis te wees vir enige Christelik-Bybel- etiese model, wat sou beteken dat mense in 'n selfdegeslag verbindtenisse *(wat*

volgens die besluit van die Algemene Sinode nie as 'n huwelik beskou word nie), in sonde leef, indien hulle verhouding seksueel van aard sou wees. Die besluit van die Algemene Sinode maak dus 'n deur oop vir sondige praktyke.

5. Die Kerkraad van die Ned Geref Gemeente Springs-Oos wil ook beswaar aanteken teen die feit dat hierdie besluit van die Algemene Sinode 'n verwarrende besluit is.

Hierdie besluit van die Algemene Sinode is 'n verwarrende besluit wat homself weerspreek. Aan die eenkant word aanvaar dat slegs die huwelik 'n verbintenis tussen een man en een vrou is (volgens die Woord van God), maar aan die anderkant word daar ruimte gemaak vir selfdegeslagverbindtenisse waar mense van dieselfde geslag kan saamleef ("wat gekenmerk word deur liefde en trou") asof dit 'n huwelik is.

Met hierdie besluit word baie duidelik wegbeweeg van die vorige besluite oor die huwelik van die Algemene Sinode van 2004, 2007 en 2013. Die Algemene Sinode moes eers hierdie vorige besluite herroep het en dan besluit het dat die huwelik nie meer as die enigste verbintenis tussen mense in die kerk beskou word nie. Daarom die nuwe besluit dat daar ook nou ruimte is vir die erkenning van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag.

Hierdie besluit is nie 'n uitbreiding van die vorige besluite nie, maar 'n baie duidelike tree weg van die vorige besluite van die Algeene Sinode af.

AANBEVELING:

1. Die Algemene Sinode kon nie 'n besluit neem wat in stryd is met die Woord van God nie en daarom stel die Kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Springs-Oos voor dat die Besluit van 9 Oktober 2015 herroep en geskrap word.
2. Die Ned. Geref. Gemeente Springs-Oos stel voor dat die Algemene Sinode die besluite oor die huwelik en homoseksuaiteit van 2004, 2007 en 2013 bevestig en daarmee die status quo volgens die vorige besluite van die Algemene Sinode handhaaf.

Die Kerkraad NG Gemeente Springs-Oos
Ds. BF Gouws (Voorsitter)

125 – Beswaarskrif Philip Coetzee (Suiderstrand)

Die algemene sekretaris, ds Claassen

Graag wil ek hiermee my beswaar opper teen die erkenning van gay huwelike en ook teen die bekleding van amp as leraar.

Daar is geen manier hoe die Woord anders kan vertolk word as hoe dit geskryf staan nie, dit is absolutes wat ons nie eers kan weg wens nie.

Dit sal dan beteken dat ek Handelinge 10 ook kan vertolk soos volg:- Sê nou my seun wend hom nou na 'n ander geloof en ek wil hom nie vervreem nie want ek is lief vir hom, dan sal ek Hand 10 kan aanpas om sy geloof te erken binne my Christelike geloof. Ek sal dan (kortliks) soos volg kan redeneer; God het in Hand 10 gesê dat ek saam met ander gelowe hul gode mag aanbid maar solank ek nog aan Hom ook erkenning moet gee.

Dit is net so 'n lasterlike afleiding teen ons Hemelse Vader as wat die gay groepering nou wil maak. Ek kan u verseker dat daar 'n skeuring op hande is net omdat die kerk besig is om te verwêrelds sodat 'n klein groepie hul gewetes kan probeer onderdruk.

Ek is baie teleurgesteld in die kerk, ek het met my ds gepraat , Crito Benadie, en hy het my gevra wat ek dink hoe die probleem aangespreek moet word. Ek het vir hom gesê nie van die kansel af nie maar deur openbare gesprekvoering met die gemeente waar altwee partye hul standpunt stel, daar vrae en antw sessies moet wees en dan kan elke gemeentelid , met die nodige informasie, 'n besluit neem. Dit kan as 'n referendum dien wat die afgevaardigdes dan kan oordra na die ring. Dit is demokrasie! Tot my spyt het daar dadels van gekom. Ek is met baie gemeente lede van verskillende kerke in aanraking weens die aard van my studies en hulle is dit eens dat die leraars selfsugtige besluite neem wat nie strook met hul aanstelling as leraar in 'n gemeente nie m.a.w. hulle tree , oor die algemeen, onkonstitusioneel op tesame met die kerkraad.

Mag God bewaar dat Sy Woord geskend word.

Groete

Philip Coetzee (Suiderstrand)

126 Gravamen N G gemeente Helderberg Wes Kaap Lidmaat H W J SMIT

Geagte broer Gustav,

Hiermee wil ek ‘n gravamen indien teen die besluite van die Algemene Sinode oor selfdegeslagsverhoudings tydens November 2015 se sinodesitting en die herroeping van die besluit.

My motivering is soos volg :

Kerkorde Artikel 1 tot 3. Die N G Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.

Die grootte van die Sinode. Artikel 38. Die Algemene Sinode het die afgevaardiges verminder om koste te bespaar. Baie leraars en Kerkrade is uitgesluit as gevolg van die besluit. Dit is waarom daar ‘n diep verdeeldheid in die kerk is. Kerkrade is ook verklein en is sodoende nie meer verteenwoordigend van die gemeente nie. Dan word kerkraadslede gekoöpteer en almal is nie meer verkiesbaar nie. Die Algemene Sinode en Kerkrade besluit sonder die deelname met die gemeenskap van gelowiges en dit is totaal onaanvaarbaar. Hierdie deelname deur lidmate oor hierdie belangrike saak is gebiedend noodsaaklik en ‘n stemming is dalk ‘n oplossing.

Kerkorde Artikel 42.4 – Die Algemene Sinode bevestig die verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as ‘n huwelik beskou kan word.

Kerkorde Artikel 42.5 – Dat homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.

Kerkorde Artikel 42 .6 – Homoseksuele verbintenissse en huwelike nie as ‘n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.

Kerkorde Artikel 23.1 en 23.2. Besluite is bindend en geen lidmate en predikante mag hulle tot die burgerlike hof wend in hulle beswaar teen n kerkvergadering se besluite nie.

Die Bybel veroordeel alle vorms van homoseksuele aktiwiteite ten sterkste.

Gen. 19 – Stede Sodom en Gomorra is vernietig.

Lev 18 v22 – Jy mag nie ‘n homosektuele verhouding hê nie. Dit is ‘n afstootlike sonde.

Lev 20 v13 – Dit is ‘n gruwel.

Deut 23 v18 –Vir die Here jou God ‘n gruwel.

Lev 18 v18 tot 32 – Mensdom se rebellie teen die heerskappy van God beskryf.

1 Tim 1 v9 -10 en Rom 1 v26 tot 28 – ‘n Probleem wat onder beide geslagte voorkom.

1 Kor 6 v10 en 1Tim 1 v10 – Sodomiete sal nie die koninkryk van God beerwe nie.

Judas 7 – Onnatuurlike sektuele begeerte vir iemand van dieselfde geslag.

Daar bestaan nie iets soos gay–geen nie. Wetenskaplikes kon dit nog nooit bewys nie.

Wat die Belydenisskrifte en die Sakramente betref. Die N G kerk fundeer sy leer op die Bybel. Die Bybel is die onfeilbare Woord van God. In die Woord openbaar God Hom as Vader , Seun en Heilige Gees. Die kerk verklaar dus sy onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die wil van God soos dit in Sy Woord geopenbaar is. Ons moet die Bybel as geheel sien en kan nie sekere bladsye uit die Bybel skeur om ons persoonlike doelwitte te bereik nie.

Vriendelike groete,

Broeder in Christus.

H W J SMIT [Hennie Smit]

Lidmaat N G gemeente Helderberg Wes Kaap.

127 – Beswaarskrif Lodewyk en Charne Kellerman MOSSELBAAI

Geagte Dr Claassen,

Hiermee net 'n kort nota om ons stem te voeg by ander lidmate.

Ons wil hiermee graag sterk beswaar aanteken teen enige besluite wat in die NGK geneem word rakende Gays (LGBTI) wat mag trou, preek, kinders doop, ens.

Toelating hiervan druis lynreg in teen wat die Bybel voorskryf in die verband en ons kan onsself as lidmate nie hiermee vereenselwig nie.

Dankie,

Lodewyk en Charne Kellerman

MOSSELBAAI

083 654 6407

128 – Gravamen Anna-Marie de Kock NG Gemeente Burgersfort Lidmaat

Gravamen ten opsigte van die Algemene Sinode van 2015 se besluite rakende selfdegeslagverhoudings.

Geagte Voorsitter en Sinodegangers, ek groet u in die Naam van Jesus Christus ons Redder. My gebed is dat u sal toelaat dat die Gees u lei tydens die Sinodesitting in alle besluitneming asook samesprekings.

Ek is Anna-Marie de Kock van Burgersfort NG Gemeente, Oostelike Sinode. My rede vir hierdie gravamen is dat ek beswaar aanteken ten opsigte van al die besluite rakende selfdegeslagverhoudings.

Ek stel voor dat alle besluite van die Algemene Sinode 2015 rakende selfdegeslagverhoudings ter syde gestel word.
Ek stel ook voor dat die NG Kerk die tema van selfdegeslagverhoudings nou staak en fokus op die prioriteit en verantwoordelikheid van die kerk soos God dit aan ons opgedra het. Ek wil een van die belangrikstes uitlig naamlik dat die NG Kerk die Woord van God as die waarheid sal ag, daarin sal leef, en alle ander “waarhede” die rug sal keer.

Ek is dankbaar vir die geleentheid wat my gegun word om op hierdie manier aangehoor te word.

129 Beswaarskrif E M van Eeden N G Kerk Strand (Moedergemeente)

Hiermee dien ek my beswaar in teen die voorgenome toelating, deur die NG Kerk, van gayhuwelike en selfs gay persone om in die bediening toegelaat te word.

Ek is self 'n teologie student. Hoe kan ons die Bybel so verkeerd verstaan? In die Bybel is daar duidelike uitsprake teen homoseksuele praktyke. Nêrens in die Bybel word dit regverdig nie. Wie gee die mens die reg om die Woord te verdraai om 'n minderheidsgroep mense, wat teen die wil van die Woord lewe, te pas.

My denkrigting weerspieël ook die absolute meerderheid van ons gemeente se gevoel.

Groete in Christus

Mev E M van Eeden

N G Kerk Strand (Moedergemeente)

130 - Beswaarskrif Ernest en Elsa Brooks –(Boshof)

Posbus 64
BOSHOF
30 September 2016

Geagte dr Gustav Claassen

Hiermee dan my en my man se beswaar teen die algemene sinode se vorige besluit t.o.v. selfdegeslagverhoudinge.

Ons beswaar is gegrond op die Woord van God-Drie-Enig.

2 Tim 3: 16 – 17 "Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en `n regte lewenswyse te kweek sodat die man wat in diens van GOD staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk"

2 Petrus 1:20 – 21 "Dit veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, want geen profesie is ooit deur die wil van `n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig"

Matt 22:37 & 38 "Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God lief hê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod en die tweede wat hiermee gelykstaan, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat".

`n Vooraanstaande en gerespekteerde teoloog het onlangs ons Gemeente besoek en het op die vraag "Wat daarvan as ons in die oordeelsdag sou agterkom ons het gefouteer deur hierdie dinge in die kerk toe te laat?" geantwoord: "As ek fouteer het, wil ek liewer aan die kant van die liefde val".
Wat het dan van die eerste en grootste gebod geword??? Moet ons ons medemens liewer hê as vir God??

Ons bid dat u by die sinode wysheid en insig sal ontvang om hierdie sake binne GOD se wil en plan, uit te voer!

2.1 Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself ook in hierdie verband tot die menswaardigheid van alle mense. ***Stem saam want die Woord bevestig dat Jesus gekom het vir ieder en elk Joh 3:16 "….sodat elkeen wat in Hom glo…"***
2.2 Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in 'n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap. ***Verstaan wat u hiermee bedoel (met duidelike verwysing om in ag te neem met wie die verbond gesluit is! En wie ingesluit is)***
2.3 Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou word. **Dis waar en korrek**.

2.4 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo asook 3.6 van die verslag van die taakspan selfdegeslagverhoudings erkenning te gee aan burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou – en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.

Hiermee verskil ons skerp!!!! Dit is tog nie so dat ek en my tee-vriendinne in `n verbintenis saamgebind hoef te word om vriende te wees nie – m.a.w. hierdie "verbindetenis" sluit verseker iets meer in as vriendskap – onnodig om dit uit te spel. Die hele skeppingsorde skreeu daarteen. Gen 1:27 e.v "…..man en vrou het Hy hulle geskape …, hulle geseën en gesê : wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde ens" – dit strook tog met wat u 2.3 herbevestig het! Waar is die Woord staaf u die nuut-geformuleerde "verbintenis"???
Ook toe Noag in die ark ingegaan het, het God duidelik opdrag gegee om 2 van elke sort in te neem - `n manntjie en `n wyfie terwille van voortplanting. Hoe op aarde lees ons iet in die Bybel in wat nêrens staan nie?????
Paulus praat van die wet van die natuur – en dit spreek vanself! Waarom is daar `n OLIMPIESE SPELE én `n PARALIMPIESE SPELE???? Dan is dit ook mos liefdeloos of is dit die logiese uitvloeisel van die natuur van mense met `n gebrek of met `n gestremdheid??

En om alles te kroon wil ons leiers nie standpunt inneem nie maar wentel dit af na kerkrade en predikante om self te besluit – is ons nog die volk van God – hinkende op twee / drie gedagtes???

2.5 Die Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) wat geld vir die legitimasie van alle persone, geld ook vir hulle ordening. Dit behels dat geen addisionele voorwaardes, soos die selibaatvereiste, aan homoseksuele gelegitimeerdes gestel word nie.

So in een sin sê die Sinode dat die huwelik alleen kan bestaan tussen een man en een vrou en 3 / 5 sinne verder word "selibaat" geskrap en woordeloos word die seksuele dade tussen persone van dieselfde geslag goedgepraat en daarby, is dit vir ons goed en aanvaarbaar dat sodanige persone (vir wie se redding in Christus ons verantwoordelik is) as leiersfigure kan optree – dis ondenkbaar!!!
Die Here God het vir Esegiel gesê om op te tree as profeet en die goddelose te waarsku van sy verkeerde weg en as hy dit nie sou doen nie, sal die goddelose sterf in sy sonde en "sy bloed sal Ek van jou hand eis". Besef on sons verantwoordelikheid???

2.6 Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouings oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die diskresie van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël. ***As ons soms eie diskresie kan gebruik, kan die sinode wegdoen met die KERKORDE en ander Sinodale verpligtinge van gemeentes en dit ok oorlaat aan eie diskresie – wat goed is vir die een is ook goed vir die ander!!***

2.7 Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in 'n gees van Christelike liefde te doen. ***– LIEFDE IN DIE EERSTE PLEK TEENOOR GOD!!!! As ons soms eie diskresie kan gebruik, kan die sinode wegdoen met die KERKORDE en ander Sinodale verpligtinge van gemeentes en dit ok oorlaat aan eie diskresie – wat goed is vir die een is ook goed vir die ander!!***

2.8 Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na 'n ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op 'n selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan studiestukke van die Algemene Sinode van 2007, 2011, 2013 en veral 2015 ernstig gelees word. In ooreenstemming met NGB Art 2 behoort die besondere en algemene openbaring gebruik te word, dws die beste huidige menswetenskaplike bevindings.
Die Sinode stem met 102 stemme teen 88 stemme ten gunste van VOORSTEL TWEE.
Ons voeg ons stemme by die 102 daarteen.

Mag die HERE self insig aan ons leiers gee. Ons bid vir Sy leiding. Dankie vir die geleentheid om ook ons hart te kon leeg maak.

Groete

Ernest en Elsa Brooks